Vrydag **13 September**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:6-8; Psalm 119:33-40**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:33 (AFR53)**

**HERE, gee aan my u ewige Woord!**

Is dit nie so dat dit al hoe moeiliker raak om te glo wat ons hoor nie? Wat ons vandag hoor, is môre weer verkeerd. Wat kan ons nog glo?

Dit is dan troosvol om hierdie woorde te hoor: die woord van ons God hou stand in ewigheid. Hierin is vastigheid en ewige sekerheid.

Maar as ons eerlik is, word die woorde van ons God teenoor die mens se woord gestel – teenoor die mens self, naamlik dat die mens tydelik is en wat hy is, gou verdor en verwelk ... ook my idees en planne.

Dit is ’n gedagte wat ongemaklik sit, want ons wil graag iets daarstel wat hou, lank hou. Om ’n nalatenskap agter te laat, waarvoor jy onthou word, is ’n prestasie.

Maar al wat standhou in ewigheid, is God se woord. Wanneer ons God op sy woord neem en glo wat Hy in Jesaja 40:8 sê, dan is dit tog nodig dat ons sy ewige woorde moet leer ken – Hom ken.

Dan begin ons nie net iets ken wat ewig sal staan nie. Dit is dan nie net woorde wat altyd waar sal bly nie. Maar ons leer Iemand ken wat ewig is – ons God.

Dit is die ewige lewe, dat ons Hom ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat God gestuur het (Joh. 17:3). Ons kom in ’n ewige verhouding met Hom ... wat ewigheidswaarde het ... wat standhou in ewigheid.

As ons die belangrikheid daarvan begin verstaan, dan begin ons besef waarom die Psalmdigter so herhaaldelik en so naarstiglik die HERE vra om sy woord te mag ken in Psalm 119:33-40. Ons hoor hoedat hy vra en begeer om die insettinge en wet en gebooie en getuienisse te mag ken en doen. Hy wil daarin en daarvan geleer word. Want dit is hoe om in verhouding met God te leef – volgens sy woord.

Dit is egter duidelik, die Psalmdigter het dit nie in homself nie. Hy het nodig dat die HERE dit aan hom gee en hom dit leer. Dit is veilig om te sê dat hy besef dat die HERE hom moet leer wat dit beteken om in verhouding met Hom te lewe. Dit is volgens die waarheid van God se ewige Woord: Gewis, ek het ’n begeerte tot u bevele (vs 40).

*Sing: Psalm 119-1:11, 12*

*Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)*